



GOEIE SMAAK BEVORDER GOEIE EETLUS

BENODIGDHEDE: Coats Anchor stringkatoen, 3 stringe elk malvarooi 06, poulou 0167; 2 stringe elk malvarooi 010, ysvoelblou 0161 en wit 0402; gare word deurgaans vierdubbel gebruik; 40 cm beige mediumgewig borduurstof, 91 cm breed; Milward International-reeks kroelnaald Nr. 6.

AANWYSINGS: Knip 2 stukke borduurstof, 45 x 34 cm.

Op die skets word die volledige ontwerp afgebeeld.

Teken die ontwerp op die borduurstof na, gaan soos volg te werk.

Plaas borduursfot met een lang syrand

voor op 'n plat oppervlak.

Bepaal middel van linker (kort) rand en meet 6 cm vanaf die rand.

Teken die ontwerp 6 cm vanaf linker-rand na. Volg diagram 1 en sleutel tot borduurwerk. Alle dele met dieselfde nommers word met eenderse kleure en

GOEIE SMAAK BEVORDER GOEIE EETLUS

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- | | | |
|-----|------|--------------|
| 1 - | 06 | } Satynsteek |
| 2 - | 010 | |
| 3 - | 0161 | |
| 4 - | 0167 | |
| 5 - | 0402 | |

- | | | |
|------|------|----------------|
| 6 - | 06 | } Skakeersteek |
| 7 - | 0161 | |
| 8 - | 0167 | |
| 9 - | 010 | } Stamsteek |
| 10 - | 0161 | |
| 11 - | 0167 | |
| 12 - | 0161 | — Franse knope |

steke geborduur.

Pars werk na voltooiing aan VK.

AFWERKING: Vou rondom 'n soom van 1,5 cm, verstek hoeke en werk netjies vas
Diagram 2: Skakeersteek; dié vorm van satynsteek word so genoem omdat alle steke van lengte verskil; die steek word soms ook kort-en-langsteek genoem.

In die eerste ry moet die steke die om-trek noukeurig volg; in die volgende rye word steke dan ingewerk om 'n gladde voorkoms te verleen. Die diagram toon hoe 'n geskakeerde voorkoms verkry kan word.

Diagram 3: Franse knope. Trek die draad by die verlangde punt deur, hou dit met jou duim vas en draai die draad 2 keer om naald, soos op afb. 1 gesien kan word. Hou draad steeds goed vas, draai naald na beginpunt terug en steek dit digby beginpunt deur. (Let op pyltjie.) Trek draad na agter deur en werk vas om 'n enkele Franse knoop te vorm, of steek deur na posisie van volgende steek soos in afb. 2 aangedui word. (Mod E353)

Afb. 1

Afb. 2




DIAGRAM 3 Franse knope

DIAGRAM 2



Skakeersteek




DIAGRAM VIR PLEKMATBORDURSEL

SLEUTEL TOT DIAGRAM

